e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

14 Oktober 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 35

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Stuur kommentaar oor die inhoud aan **gespreksforum@nhk.co.za**

VOORBLAD

Fokus op die uitdagings wat voorlê

Na die besluit wat op die Algemene Kerkvergadering (AKV) oor apartheid geneem is, het 'n bohaai binne en buite die Kerk losgebars. Politieke partye, radiostasies en koerante het verklarings uitgereik oor wie die Hervormde Kerk nou skielik geword het en wat die toekoms van die Kerk nou gaan wees. Binne die Kerk is daar dreigemente van skeuring, van gemeentes wat hul heffings wil weerhou, van vergaderings wat hulle van die besluit wil distansieer.

Die meeste van die reaksie is so misplaas en misleidend dat dit nie nodig is om daarop te reageer nie. Emosionele en rasionele reaksie is egter begryplik. Die besluit het my persoonlik ook verras en in 'n sekere sin geskok. Om egter daaroor tekere te gaan soos wat sommige doen, is die Kerk nie waardig nie en dien nie die eer van God nie. Hopelik sal die kerkleiding in gesprek met lidmate en ampsdraers tot 'n nugtere siening kom wat die besluit in die nodige perspektief plaas en by gemeentes en lidmate die gerusstelling sal bring dat die besluit wesenlik aan ons kerkwees, ons roeping en opdrag min verander het.

Dit is nodig om te besin oor wat die besluit wil sê en wat dit nie wil sê nie. *Die besluit is nie 'n skuldbelydenis nie*. Die Hervormde Kerk het in 2001 reeds besluit dat die prosesse waarmee skuldbelydenis oor apartheid en die inhoude daarvan in die wêreld en in kerke gedryf word, vir ons onaanvaarbaar is. *Die besluit verklaar nie die beleid van apartheid tot sonde en die regverdiging daarvan tot dwaalleer nie.* In gesprek, ook met die WCRC, is reeds ooreengekom dat waar in die verlede die woorde *kettery*, *dwaalleer*, *sonde* ten opsigte van apartheid gebruik is, dit nie die bedoeling het om ons ouers wat die beleid ontwerp en gedryf het asook dié wat dit tans steeds voorstaan, te verketter of om 'n streep van verskoning deur die geskiedenis van die Afrikanervolk te trek nie. Daarom is die besluit so geformuleer dat dit hierdie voetangels vermy.

Die besluit beklemtoon 'n vorige besluit, naamlik dat dit nie op die weg van die Kerk lê om 'n bepaalde politieke beleid (in hierdie geval apartheid) goed te praat en teologies te regverdig nie. In 2001 het die Kerk daarop gewys dat so 'n teologiese legitimering van een beleid ten koste van ander neerkom op die legitimering van een en die demonisering van die ander. Waar die Kerk daaraan skuldig was ten opsigte van apartheid, moet die Kerk nie opnuut in so 'n slaggat trap nie. Die Kerk beklemtoon met die besluit dat daar onder apartheid baie dinge verkeerd was, soos rassisme wat in stryd is met die evangelie, dat onreg gesanksioneer is en die beeld van God in mense aangetas is. Ook teenoor dié sake wat verkeerd geloop het onder die apartheidsbeleid het die Kerk haarself herhaaldelik in Herderlike Skrywes uitgespreek. Of die verklaring dus werklik iets nuuts sê, moet bevraagteken word.

Elke lidmaat in die Hervormde Kerk is geregtig op sy of haar eie siening van apartheid. Niemand se siening kan op 'n ander afgedwing word nie, niemand word verketter of uitgedryf nie. Ons moet mekaar opnuut oproep om mekaar se standpunte te respekteer en diversiteit te bestuur. Jy kan God nie as Vader hê as jy nie die Kerk as moeder het nie. Soms voel dit dalk vir jou of jou moeder nou siek of oud geword het, of dat sy vreemde dinge doen. Dan los en verwerp jy haar nie. Jy hou haar vas, versorg haar, worstel saam op die pad na genesing en wedersydse begrip vir mekaar.

Die Hervormde Kerk behoort nou die boeke oor apartheid toe te maak. As die Kerk in 2001 al kon sê dat skuldbelydenis toe, byna 10 jaar die nuwe bedeling in, mosterd na die maal was, hoeveel te meer is die huidige besinning en spanning, nou al 20 jaar die nuwe bedeling in, dan nie? Enorme uitdagings vir kerkwees in die huidige tydsgewrig lê voor ons, nie agter ons nie. Ons verstaan van ons roeping, ons energie, geld en tyd behoort daar in te gaan.

Dr Daan van Wyk (jr)
Voorsitter: 69ste AKV

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Gerhard Kruger

Ds Hans Britz

Beroep ontvang

- **Ds Gerhard Kruger** van Pretoria-Wes (deeltyds) na Zwartruggens (volsorg)

Beroep aanvaar

- **Ds Gerhard Kruger** van Pretoria-Wes (deeltyds) na Zwartruggens (volsorg)

Beroep bedank

- **Ds Hans Britz** van Outjo/Otjiwarongo na die Stella-kombinasie

Vakante standplaas

- **Gemeente Westonaria** beskik oor 'n vakante **deelsorgstandplaas** en wag aansoeke in van proponente of predikante. Daar sal van kandidate verwag word om, na die indiening van 'n aansoek en CV (tesame met 'n kort beskrywing van 'n persoonlike visie en vaardighede) moontlik met die kerkraad in gesprek te tree. Daar sal ook van die persoon verwag word om saam met sy of haar gade die gemeente op 'n Sondag te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Westonaria is aan die verre Wes-Rand geleë, ongeveer 100 km van Pretoria tussen Randfontein (20 km) en Carletonville (30 km) en ongeveer 6 km noord van die N12 tussen Johannesburg (50 km) en Potchefstroom (85 km).

  Aansoeke moet die gemeente **voor Saterdag 16 Oktober 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba by **bengrey@lantic.net** of Posbus 84, Westonaria 1780. Meer inligting kan van die skriba, Ben Greyling, bekom word by 011 753 1443 of 082 848 2968.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Dr Rassie Kotzé en sy vrou Tossie in 2008

- **Dr Rassie Kotzé** is op Maandag 11 Oktober oorlede. Hy was 76 jaar oud. Ongeveer twee jaar gelede is 'n aneurisme by hom geïdentifiseer wat nie geneesbaar was nie en enige oomblik kon bars. Alhoewel daar twee jaar by sy lewe gevoeg is, was hy baie ingeperk en kon hy nie veel meer doen as televisie kyk en lees nie. Sy heengaan word diep betreur. Die Kerk betuig meelewing met sy vrou, Tossie, sy kinders, kleinkinders, familie en vriende. Die roudiens word op Donderdag 14 Oktober om 16:00 in die kerkgebou van Gemeente Pretoria, waar hy jare lank predikant was, gelei deur dr Christo Pretorius. Ds Gert (GC) van Staden, 'n jare lange boesemvriend, sal namens die Kommissie van die AKV en die Kerk 'n huldeblyk lewer.

  Dr Kotzé se familie versoek dat in plaas van blomme eerder 'n skenking gemaak word aan die SP Engelbrecht-museum. Dit kan inbetaal word in die volgende rekening: Raad van Finansies – verwysing MUSEUM; ABSA Bosmanstraat; verrekeningskode 632 005; tjekrekening nommer 020 000 287.

Ds Drikus Engelbrecht

Ds Roelf Coertze

Ds Werner Olivier

Helena Cruger en Andries Pretorius

Ds Eksteen Botes

Dr Gert Malan

- **Ds Drikus Engelbrecht** se roudiens het op Woensdag 13 Oktober in die kerkgebou van Gemeente Windhoek plaasgevind waar hy sedert 2004 predikant was. Ds Arnold Viljoen van Tsumeb/Grootfontein, 'n vriend van die familie, het die roudiens gelei. Ds Dries Beukes, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, het namens die Kommissie en die Kerk dank uitgespreek vir die dienswerk wat ds Engelbrecht in die Kerk verrig het en meelewing met die naasbestaandes betuig.

- **Ds Roelf Coertze**, een van die predikante van Gemeente Montana, aanvaar op Sondag 31 Oktober emeritaat.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

o Saterdag 15 Oktober:	Ds Sonia van Wyk (Wolmaransstad)
o Sondag 17 Oktober	Prof Jan Barkhuizen (emeritus)
o Maandag 18 Oktober	Di WP Prinsloo (emeritus), Kiewiet van Deventer (Malelane) en Johan van Staden (Sionspoort)
o Dinsdag 19 Oktober	Ds Hein Kloppers (Noordrand/Krugersdorp-Oos)
o Woensdag 20 Oktober	Di Hannes Kruger (emeritus) en Gert van Jaarsveld (emeritus)
o Donderdag 21 Oktober	Ds Jan Grobler (Kroonstad/Virginia)

- **Ds Werner Olivier** het verlede naweek **Zimbabwe** toe vertrek waar hy tot 17 Oktober eredienste sal hou en huisbesoek sal doen. Predikante wat die afgelope jare gehelp het met die bediening in Zimbabwe het die afgelope week skrywes ontvang oor moontlike besoeke in 2011. Die verwagting is dat benewens die werk wat ds Olivier doen, die uitreik van gemeentes en predikante na die lidmate in Zimbabwe sal voortgaan.

- **Andries Pretorius**, voorsitter van die **Algemene Diakensvergadering (ADV)**, het tydens die AKV 'n *UPS* aan ouderling **Helena Cruger van Zimbabwe** oorhandig. In haar verslag oor bediening in Zimbabwe het Helena gemeld dat sodra sy besig is met die vertaling van die kategesehandboeke in Engels, daar 'n kragonderbreking is. Sy het gevra of daar iemand is wat vir haar 'n toestel kan skenk om ononderbroke kragtoevoer te verseker. Andries stuur toe sommer tydens die vergadering 'n paar e-posse na ADV-kommissielede, diakens en lidmate, en die volgende oggend was daar genoeg beloftes en kon hulle 'n *UPS* koop en aan haar oorhandig.

- **Ds Eksteen Botes**, lid van die Komitee vir Afrikabediening en Buitelandse Bediening en predikant van Nelspruit, het op Dinsdag 12 Oktober vir drie weke na **Paraguay** vertrek waar hy lidmate en ander Afrikaanssprekendes sal besoek. Hy sal verskeie eredienste hou en toerusting doen. Die AKV het hom pas gunstig uitgespreek oor die voortgang van dié bediening van die lidmate. **Dr Gert Malan** van Gemeente Mosselbaai doen tans die werk saam met ds Botes.

- Die **finalejaar teologiestudente se proefpreke** is byna afgehandel. Op 10 Oktober het Maritza Botha by Gemeente Wonderboom en Lisa-Mari Swanepoel by Gemeente Montana gepreek. Op 17 Oktober preek Wouter van Wyk by Kempton Park-Oos en Tiaan Loedolff by Philadelphia. Pieter Rossouw preek op 24 Oktober by Bosmansrust. Die **legitimasie en beroepbaarstelling** van die kandidate vind in **Maart 2011** plaas.

- Vanaf 1 November het hierdie studente **preekvergunning** om in gemeentes te preek. Gemeentes kan die studente by die volgende nommers kontak.

o Maritza Botha	079 154 4154
o Yolandé Benadé	082 410 0092
o Petrus Dreyer	082 453 8094
o Tiaan Loedolff	073 529 1538
o Annezel Otto	084 816 4037

- Pieter Rossouw 083 379 8287
- Lisa-Mari Swanepoel 083 943 4561
- Wouter van Wyk 072 225 7986

- **Ds DF (Danie) Erasmus**, wat onlangs oorlede is, se groot **biblioteek** staan steeds in sy huis op Heilbron. Dit is 'n omvattende versameling en bevat 'n verskeidenheid van onder meer teologiese en Afrikaanse werke. Die biblioteek moet binne twee weke opgeruim word. Belangstellendes moet asseblief so vinnig moontlik met **ds Nico Brayshaw** by 058 852 3950 in verbinding tree vir verdere inligting.

- **Ds Nickie Alberts**, predikant van **Gemeente Wonderfontein**, is met langverlof van **8 November 2010 tot 16 Januarie 2011**. Die gemeente benodig dus 'n predikant wat om 08:30 in Welverdiend en 10:00 in Wonderfontein kan preek. Die predikant moenie verder as 'n radius van 80 km rondom Carletonville reis nie, want die gemeente se fondse is beperk. Belangstellende predikante kan die skriba, mev Hettie Roos, by **wonderfon@lantic.net**, 082 713 4544 of 018 788 4510 kontak.

- 'n Voormalige voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika (HKSA), tans bekend as die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC), **ds JZ Banda**, het pas sy doktorsgraad in Sendingwetenskap aan UNISA verwerf. Die titel van sy proefskrif lui: *African Renaissance and Missiology: A perspective from mission praxis.* Sy promotor was prof Willem Saayman. Dr Banda doseer Sendingwetenskap aan UNISA en by die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM). Hy is die tweede oudstudent van die Hervormde Teologiese Opleiding (HTO) wat 'n doktorsgraad behaal. Die eerste was **dr Jacob Manala** wat intussen bevorder is tot professor in Praktiese Teologie aan UNISA. Vir baie jare was hierdie twee manne verantwoordelik vir die groei en ontwikkeling van ons *sendingkerk*.

Dr JZ Banda

Dr Banda kom sy onderrigverpligtinge by AIM met genadelose getrouheid na. Sy kennis en lewenswysheid het vir meer as 'n dekade meegehelp om **AIM** uit te bou tot 'n gerespekteerde akademiese instelling. Die *e-Hervormer* wens hom, sy vrou en kinders van harte geluk. Die Hervormde Kerk is dankbaar vir hierdie prestasie.

- **Gemeente Noordelike Pretoria** gaan nie dadelik na die vertrek van ds André Strauss met sy beroepswerksaamhede voort nie. Daar word in samewerking met die Ringskommissie **strategiese beplanning** gedoen met die oog op die mees effektiewe en bekostigbare bediening.

- Gemeentes wat van 'n emerituspredikant gebruikmaak as **pastorale hulp** moet nou, na afloop van die AKV, opnuut aansoek doen by die Ringskommissie en die Kommissie van die AKV om verder van dié dienste gebruik te maak. Daar kan nou vir **langer tydperke** van die dienste gebruik gemaak word in standplase waar volledige versorging, gedeeltelike versorging en deeltydse bediening nie meer bekostig kan word nie.

- Predikante, kerkrade en lidmate word daarop gewys dat die **gewysigde Kerkorde** onmiddellik geld. Die Raad vir Regsadvies sal eersdaags vergader en die voorgestelde wysigings redaksioneel versorg en goedkeur. Die nuwe gedrukte Kerkorde behoort vroeg in 2011 beskikbaar te wees.

- Die aansoekvorms vir **subsidie uit die Fonds vir Gemeenteopbou** is die afgelope week aan ringskribas versend. Gemeentes word versoek om hul ringskriba in dié verband te kontak.

- Die **NHSV Hoofbestuur** wil elke gemeente wat bygedra het tot die **deurkollekte van 14 Februarie** vanjaar hartlik bedank vir hul goedgesindheid. Tot op hede

het die NHSV R176 000 ontvang. R113 000 daarvan gaan vir beurse en lenings aangewend word, en R63 000 vir die Monumenttehuise. In 2011 word die deurkollektes van 13 Februarie weer aan die NHSV toegestaan. Volgende jaar sal die fondse uitsluitlik vir beurse en lenings aangewend word.

- Gemeentes word vriendelik versoek om hul jaarlikse bydrae aan die **Bybelgenootskap** (die mikpunt is **R33 per belydende lidmaat**) voor die einde van die Bybelgenootskap se huidige boekjaar (31 Oktober 2010) aan die Bybelgenootskap oor te betaal. Die versoek is dat bydraes asseblief **vóór of op 27 Oktober** inbetaal sal word sodat dit betyds ontvang kan word. Selfs elektroniese oorbetalings word soms eers 'n paar dae daarna, as dit 'n ander bank as ABSA is, deur die Bybelgenootskap ontvang. Aangesien **Hervormingsondag** vanjaar op 31 Oktober val, sal die erediensoffergawes nie oorbetaal kan word om die Bybelgenootskap betyds te bereik nie. Gevolglik is die versoek dat die erediensoffergawes van Hervormingsondag in November oorbetaal sal word. Dit word dan gemeentes se eerste bydrae vir die nuwe boekjaar van die Bybelgenootskap.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Belfast: 29-31 Oktober**
  Viering van 75-jarige bestaan. tema *Van toeka tot nou*
  Gedenkblad/CD/DVD word uitgegee en 'n hoeksteen onthul
  Vrydagaand Nianell, Saterdag fees, Sondag Nagmaal met manelpakke, strikdasse en kappies
  Kontak **faniehoff@telkomsa.net** of **martinras@telkomsa.net**

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Vrydag 15 Oktober om 19:00: Gemeente Parkrand Romanz**
  Hoërskool Oosterlig in Boksburg
  R160 per persoon (sluit vertoning en kaas-en-wyn-ete in)
  R100 per persoon (slegs vertoning)
  Kontak Hilda by 082 281 8947 of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

- **Saterdag 16 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit Manneontbyt**
  Gas Wicus van der Merwe
  De Oude Werf-onthaalsentrum, Bronkhorstspruit
  08:30 vir 09:00
  R120 per persoon (sluit skaapbraai in)
  Bespreek by gemeentelike kerkkantoor 013 932 2929
  of Roelf van Rensburg 083 250 3846

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Premiermyn: Hengelkompetisie Saterdag 23 Oktober**
  06:00 tot 16:00 by Bronkies-natuurreservaat
  R120 per hengelaar, familielede R15 per persoon toegang
  1ste prys vir swaarste karp – 1 karaat diamant
  2de en 3de pryse vir swaarste baber, ook baie trekkings
  Kontak Johan by 084 519 5598 of Alta by 082 682 1252

- **Gemeente Louis Trichardt: Hengelkompetisie Saterdag 30 Oktober**
  Stubb en Mons-plaas in Mopaniedistrik; akkommodasie beskikbaar
  1ste tot 3de pryse vir elke spesie in senior- en juniorafdelings, ander pryse ook
  Hengel vir baber, baars, karp en kurper in drie damme
  Motorbote toelaatbaar op grootste dam

Bote met baarsmotors en kano's op kleiner damme
R100 per deelnemende volwassene, R50 per deelnemende kind
R30 per nie-deelnemer.
Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550, 084 209 5189
of **skaterkalant@vodamail.co.za**

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan
  R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Oudtshoorn: Modeparade Saterdag 23 Oktober**
  Kyk hoe lyk my hoed!
  In kerksaal van die gemeente
  R50 per persoon (sluit tee en verversings in)
  Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

- **Gemeente Pretoria-Wes: Vleisprojek**
  Wors wat in Swartruggens gemaak is teen ±R40 per kg
  Maalvleis en wors ook teen R20 per pakkie beskikbaar
  Kontak Lettie Walker by 012 327 2323

Basaars en markte

- **Maandag 25 tot Saterdag 30 Oktober: Gemeente Trichardtsfontein Kersmark**
  Saal Trichardtsfontein 09:00 tot 19:00
  Toegang gratis
  Besoek ook die Teetuin

- **Vrydag 29 Oktober: Gemeente Piet Retief Kunsmark**
  14:00 tot 20:00
  Uitstalruimte beskikbaar
  Bespreek by Hybrecht Dupper, 083 291 8381 of **dupperb@lantic.net**

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Zwartruggens Oesfees**
  Christenfees met 'n boodskap!
  Kontak Chris Steinmann (Feesvoorsitter) by 079 715 4141

- **Saterdag 30 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Rooihuiskraal Kersmark**
  Hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds
  Uitstallers welkom teen R100 per tafel
  Kontak Marlize Albertyn by 083 312 7610 om te bespreek

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Piet Potgieter (Potgietersrus) Kersmark**
  Maandeliks ook superwors te koop
  Koop geskenke en kuier in die Bosveld
  Skakel 015 491 6310 of 082 821 6873

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Wonderboompoort Wonder-Kersmark**
  09:00 tot 15:00, hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal
  Uitstallers R50, wins is joune
  Bespreek by 082 733 3951 of **cjdb@vodamail.co.za**

- **Vrydag 5 en Saterdag 6 November: Gemeente Waterberg (Nylstroom) Kersmark**
  Vanaf 07:00 by die gemeentesentrum
  Kontak Ina Lategan by 014 717 3355 of **hervormwaterb@telkomsa.net**

- **Saterdag 6 November: NHSV Warmbad Kersmark**
  07:00 tot 12:00, kerksaal in Ludorfstraat, Warmbad
  Stalletjies R30
  Kontak Suzi van Dyk by 083 310 4943 of **thysan@telkomsa.net**

- **Saterdag 4 Desember: Doulos Gemeenskapsprojek**
  Kersfunksie
  Silwer Valke Rugbyklub
  Hv Pretoria- en Roestoffstraat, Silverton
  Hulp benodig vir maak van potjiekos vir 2 000 mense
  Borge ook welkom
  Kontak Hans Janse van Rensburg by 083 269 7082
  of Heleen Huyser by 082 443 8874 of **Heleen.Huyser@postoffice.co.za**

- **Donderdag 16 tot Sondag 19 Desember: Gemeente Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

- **Saterdag 29 Januarie 2011: Gemeente Nelspruit Maroelafees**
  Vanaf 08:00 by Nelspruit Rugbyklub
  Toegang (sluit glas tuisgemaakte maroelasap in) R20 per volwassene/ hoërskoolkind, R10 per laerskoolkind, gratis vir voorskoolse kleuters
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455

ANDER NUUS

- Die Kommissie van die AKV sal by sy eerste vergadering op 11 en 12 November **alle rade opnuut saamstel**. Die Kommissie poog om so ver moontlik dieselfde persone te herbenoem. Tog word ook aandag gegee aan aanbevelings van die vorige rade, en jonger predikante wat geskool moet raak om die werk in die toekoms te kan doen, word bykomend benoem. Rade sal versoek word om so gou moontlik na hul benoeming met hul werk te begin.

- Die **Raad van Finansies**, **Raad vir Regsadvies** en **Kuratorium**, wat deur die afgelope AKV verkies is, sal in Oktober en November vergader.



- **Individue** wat die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** **van 2011** bestel, moet tjeks uitmaak aan die Raad van Finansies, en nie aan bepaalde persone of aan SENTIK nie. Bestel asseblief so gou moontlik en verkieslik voor die einde van Oktober, teen R100 per eksemplaar. Kontak mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za**. Die bankbesonderhede vir direkte inbetalings is Raad van Finansies, ABSA, tjekrekening nommer 020 000 287, takkode 632 005, verwysing ALMANAK.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse en lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings, wat wissel van R2 000 tot R6 000. Vra aansoekvorms aan by **nhsvadmin@nhk.co.za** of 012 325 0117. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2010**. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

- Die **Transoranje Skool vir Dowes** hou van **26 November tot 5 Desember Kersmark** by die Pretoria-skougronde, Saal L, ingang Kerkstraat. Ondersteun hulle gerus!

- Kursusse oor egskeiding, bemiddeling en hoe om die stem van die kind te hoor met inagneming van die nuwe Kinderwet in Suid-Afrika.
  - **Kursus 1: 25-26 Oktober**
    Insluiting van die kind tydens bemiddeling *(slegs vir professionele persone – CPD akkreditasie vir maatskaplike werkers in proses)*
  - **Kursus 2: 27 Oktober óf 30 Oktober**
    Oueropvoeding en ouerleiding rakende egskeiding *(vir ouers sowel as professionele persone betrokke by die begeleiding van ouers of kinders geraak deur egskeiding – CPD akkreditasie vir maatskaplike werkers in proses)*
  - **Kursus 3: 28 Oktober**
    Ken en verstaan jou kind *(vir alle ouers)*

  Dié kursusse word tans elke maand in **Somerset-Wes** aangebied en gaan van **25 tot 30 Oktober** op versoek ook in **Pretoria** by Gemeente Philadelphia in Hillcrest aangebied word. Kontak dr Sussa van Staden by 012 460 4115 of 082 789 8771, of dr Mathilda Smit by **mathildasmit@mweb.co.za**, 021 855 2732 of 082 923 3656. Besoek gerus die webwerf by **www.mathildasmit.co.za**.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 15 Oktober: ADV Dagbestuur
  - Donderdag 21 Oktober: Moderamen
  - Vrydag 22 Oktober: Finkom van Die Ondersteuningsraad

ADVERTENSIES

DEO GRATIA AFTREEOORD
Te koop (lewensreg)
Tweeslaapkamereenheid met studeerkamer en toesluit-motorhuis
Kom besigtig en maak 'n aanbod – DRINGEND!
Skakel Harold Steynberg by 082 828 1491

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Hy kom na 'n geringe klein dorpie...

***Konteks* van November/Desember 2010 is tans by die drukkers, en behoort binne 'n week beskikbaar te wees.**

Op die voorblad is 'n afbeelding van 'n eenvoudige nedersetting waaroor 'n reusagtige wolk vol belofte van reën hang. 'n Goudkleurige lig se skynsel verlig die hele omgewing. Die lig bring hoop en verwagting. Dit verdryf hooploosheid en uitsigloosheid... Dit is 'n aangrypende uitbeelding van die betekenis van Advent en Kersfees in ons gewone aardse bestaan. Waar droogte donkerte en uitsigloosheid oor die toekoms laat hang het, bring 'n enkele helderwit wolk nuwe hoop op lewe en 'n nuwe toekoms. So is dit ook met ons verwagting van Christus se koms. Dit verander ons uitsig op die toekoms. Dit bring lig en lewe.

Lees ook artikels oor die 69ste AKV, Ewigheidsondag, ’n bundel nuwe Kerkliedere wat in wording is, en voorstelle oor hoe om die lewe in hierdie besondere tyd vir eensame bejaardes ’n bietjie makliker te maak.

Konteks kos in 2011 R130 vir 10 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl van SENTIK by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za** om in te teken. Besoek ook die webblad by **www.konteks.co.za** om te lees oor die nuutste beskikbare uitgawe.

Daar is ook ’n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto’s) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 229 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur ’n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx